# FLOORS VAN JAARSVELD, DIE KUNSVERSAMELAAR

**Ute Scholz en Hannie Bezuidenhout**
*Dept. Kunsgeskiedenis, Universiteit van Pretoria*

*"Die boom wat sommige mense ontroer, is vir ander 'n groen hindernis in die pad ... soos 'n mens is, so sien hy."* — William Blake

Net soos die skepping van kuns, is die versameling daarvan tot 'n groot mate ook skeppende werk, alhoewel bepaald op 'n ander vlak. Dit is die behoefte asook die taak van die kultuurdraer om die arbeid van die kultuurskepper raak te sien en na waarde te skat. Daardeur kan hy saam bou aan die fondamente van die kulturele erfenis van sy gemeenskap.

Net soos die kunstenaar deur sy persoonlike werk die gees van sy tyd tot uiting bring so weerspieël ook die werk van die versamelaar 'n spesifieke tydgees. 'n Versameling word opgebou volgens 'n spesifieke voorkeur, gesindheid en patroon wat beheer word deur die besondere toewyding van die versamelaar. Gevolglik word die spesifieke, uitgekose kunswerke met mekaar en met hulle tyd asook met hulle omgewing in verhouding gebring en aan die stroom van die kulturele arbeid gekoppel.

Hierdie weerspieëling van 'n tydgees wat deel vorm van die wêreldpatroon van kreatiewe werk word gekenmerk in die versameling van Suid-Afrikaanse kuns van professor F A van Jaarsveld. Hierdie werke is oor die afgelope twee dekades met groot entoesiasme geselekteer en aangekoop, of deur dankbare kunstenaars aan hom persoonlik geskenk. Die versameling weerspieël tot 'n besonder sterk mate die individualiteit en die karakter van die versamelaar. Professor Van Jaarsveld was heeltemal eerlik teenoor homself. Hy was ook uitgesproke teen enige materiële oogmerke of beleggingsmotiewe gekant. Daarin was hy getrou aan sy persoonlikheid. Professor Floors van Jaarsveld se kunsversameling is derhalwe 'n duidelike uitdrukking van sy eie wese op beide, persoonlike en transpersoonlike vlak.

Sy liefde vir die beeldende kunste het stadig gegroei vanuit 'n latente, onbewuste behoefte tot die bewuste bevrediging daarvan. Oorheersend in hierdie groeiproses was 'n uitermate sterk visuele geheue — wat sy eie, doelgerigte weg ingeslaan het en gegroei het, sonder om altyd bewustelik deur hom self ervaar te word. Aan die mure van die plaashuis, waar hy sy kinderjare deurgebring het, het daar geen skilderye gehang nie: net die gewone foto's of afbeeldinge, wat 'n weerspieëling was van die moeilike omstandighede in daardie jare; geld vir goeie kunswerke was natuurlik nie beskikbaar nie. Aan die ander kant het die kind met sy sensitiewe visuele bewussyn in 'n omgewing van ongeskondenheid groot geword. Geen tierlantyntjies of "kitsch"-ornamentjies het sy smaak en sy visuele groeiproses belemmer nie. Onbewustelik het hy net om hom heen gekyk en die hoëveld en sy natuur visueel en emosioneel waargeneem.

Wat professor Van Jaarsveld as seun ingeneem het, het latent voortbestaan in die visuele en emosionele behoefte van die opgroeiende skoolkind op Heidelberg en later van die student aan die Pretoriase Onderwyskollege. Dit het ook die meer gevorderde student na Europa vergesel wat met honger oë die kunsskatte van die ou wêreld soos 'n droë spons sou opsuig. En dit sou die onderliggende motivering van hierdie kunsversamelaar word: die soektog na ruimte en vryheid en na die spirituele krag daardeur.

Sy skooljare het hy by Volksskool, Heidelberg, deurgebring. Sy skoolhoof was

toevallig 'n ywerige versamelaar van kuns en die jong seun het soms die geleentheid gehad om na die skilderye in die prinsipaal se kantoor te kyk. Dit was sy eerste kontak met oorspronklike werke. Toe Floors van Jaarsveld in die matriekklas was, het die bekende Kaapse skilder Gregoire Boonzaier Heidelberg besoek en by die Volksskool 'n lesing gegee oor kuns. Die skool het by dié geleentheid twee skilderye van Boonzaier aangekoop. Hierdie gebeurtenisse moes 'n baie sterk indruk op die jong seun gemaak het, want die Professor onthou hulle nog met verbasende presiesheid.

Na sy skooljare volg die studentejare aan die Pretoriase Onderwyskollege, waar hy met kuns in aanraking kom deur sy kunsklasse wat deur Bettie (Cilliers) Barnard waargeneem is.

Hy voel egter, dat hierdie formele onderrig nie baie tot sy eie visuele vorming bygedra het nie. Hy was gevolglik vir 'n lang tyd gladnie aktief in sy belangstelling in die Suid-Afrikaanse Kuns nie, alhoewel hy self Kuns beoefen het, min of meer onder dwang en ontevredenheid met homself. Gelukkig het daar uit hierdie periode ten minste een skildery behoue gebly wat nog steeds in sy besit is. Dit is die voorstelling van sy geboorteplek en die plaashuis van sy ouers in die Hoëveld waar hy groot geword het. Ons sien tussen 'n raamwerk van stewige bloekomboomstamme 'n ligte landskap wat oneindig ver strek. In die middel van hierdie groot ruimte verdwyn die klein plaashuisie, wat met groot deernis waargeneem is. Hierdie klein kunswerk met sy sterk sin vir komposisie, gevoel vir harmonie en vir ruimte is 'n sleutel tot alles wat later sy behoefte en belangstelling as kunsversamelaar sou word.

Professor Van Jaarsveld het vir verdere studie na Europa gegaan en dit is hier waar sy oë opnuut geopen word vir kuns. Telkemale keer hy terug na die kunsskatte in die Amsterdamse Rijksmuseum, met liefdevolle verwondering en met die hunkering van 'n onbevredigde, maar ook onbedorwe gees. Later in Londen was hy 'n daaglikse besoeker by die National Gallery wat vir hom 'n besondere bevrediging verskaf het as gevolg van die chronologiese ordening van die skilderye. Hier kon die jong historikus sy aanknopingspunte vind en dinge in verhouding met mekaar bring. Later het die kunsgeskiedenisboeke, wat hy gelees het, sy insigte bekragtig. Na afloop van sy tyd in Londen kon hy die hele inhoud van die gallery in sy destydse volgorde visualiseer. In Londen het hy ook die Tate Gallery van moderne kuns besoek, waar sy oë geopen is vir die visuele proses vanaf die bekende na die onbekende, vanaf tradisie tot die deurbraak na sy eie eeu.

Die besoeke aan kunsmuseums het vir professor Van Jaarsveld steeds 'n intense behoefte gebly. Elke keer as hy Europa of die Verenigde State besoek het vir akademiese doeleindes, het hy geleentheid gesoek om een of meer van die wêreld se groot kunsversamelings te besoek. Dit het steeds die hoogtepunt van elkeen van sy reise gebly. Hy ervaar elke versameling individueel — en onthou dit met groot bewondering. 'n Beskeie gevoel van dankbaarheid vir alle verrykende indrukke is deel van sy wese.

Toe hy ná sy studies in Europa terugkeer na Suid-Afrika het hy aktief deelgeneem aan die kunsgebeurtenisse hier. Hy word 'n ywerige besoeker van kunsuitstallings en maak persoonlike kontak met die kunstenaars. Floors van Jaarsveld besit 'n besondere vermoë om oombliklik alle konvensionele gedragspatrone en akademiese beredenering af te skud en na 'n vlak van natuurlike menswees oor te skakel. Dan lê hy sy eie kompromielose eerlikheid voor die dag met 'n byna kinderlike bewondering vir dit wat hom in die besonder raak. Hierdie spontaneïteit het elke keer weer die vertroue van die kunstenaars, wat dit onmiddellik aanvoel, gewek. So het daar by professor Van Jaarsveld, saam met sy liefde vir kuns, ook 'n vriendskaplike verhouding met die kunstenaar gegroei.

Die eerste kunstenaar met wie hy persoonlik in aanraking gekom het was Enslin du Plessis. Tydens 'n uitstalling by Schweickerdt in Pretoria, bewonder professor Van Jaarsveld een van Du Plessis se skilderye wat 'n Kaapse Maleiertoneel voorstel. Dit is weergegee in sagte, ietwat weemoedige impressionistiese kleurtinte. Hy het dit aangekoop en later kennis gemaak met die kunstenaar. Aldus het 'n hegte vriendskap ontstaan. Dit was die begin van 'n patroon wat in die toekoms gehandhaaf sou word.

Die versameling van Floors van Jaarsveld bestaan oorwegend uit skilderye in water- en olieverf asook grafiese werke. Dit is die illusionistiese van die skilderkuns wat hom aangetrek het, eerder as die tasbare driedimensionaliteit van die beeldhoukuns. Die uitgangspunt van al hierdie skilderye bly egter die natuur. Non-figuratiewe werke in die sin van geometriese abstraksie is deurgaans afwesig. Die versameling is in die sestigerjare begin en die hoofklem lê daarom op werke uit hierdie tydperk, gevolg deur die sewentigerjare.

Tematies oorweeg die landskap van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, waarin die skilderye van Adolph Jentsch, Maud Sumner, Walter Westbrooke en Anna Vorster 'n wesenlike rol in die versameling speel. In hierdie landskappe word die aarde en die ruimte daarom heen ervaar as spirituele krag, dikwels ook met 'n baie sterk element van weemoed, en selfs droefheid (Gregoire Boonzaier, "Winter storm, Kenilworth, Kaap", 1965).

Daarteenoor lei die stillewes in sy versameling (Maud Sumner, 1950) met hulle sterk komposisie die oog tot die innerlike, die intieme strata van menswees. Komposisionele strengheid word hier die sleutel tot harmonie. Skoonheid en harmonie blyk in die oë van professor Van Jaarsveld identies te wees.

Die figuurskilderye in die versameling is geen tiperende daarstellings van die menslike karakter nie maar is eerder ondergeskik aan 'n groot wêreldpatroon, waarvan hulle 'n inherente, ritmiese deel vorm (Enslin du Plessis, Ongetiteld. s.d., Gregoire Boonzaier, *Straattoneel, Maleierbuurt, 1969*), wat soms verhef word tot die vlak van die religieuse: (Maud Sumner *Die Emmausgangers,* s.d.).

Die gevoel van verganklikheid en ewigheid, ruimte en tyd, die universele taal van vorms, van mens en natuur, hede en verlede, vind uiting in die kalligrafiese ritme en primêre kleurgebruik van die boeiende werke van Walter Battiss. (*Bewegende figure en vlieënde voëls,* 1967). Dit word deur 'n polserende, eietydse aardsgebondenheid oorheers.

Die subtiele spanning tussen die natuur en die spirituele dra by tot 'n verdere element wat eie is aan baie van hierdie werke wat hier en daar sterk na vore tree, naamlik die surrealisme (Jan Visser, *Sonsopkoms van revolusie,* 1978).

Daar is 'n merkwaardige afwesigheid van werke wat felheid of skrilheid, of emosionele uitbarsting uitdruk. Ook die ander uiterste nl suiwer estetiek, is afwesig. In al die werke word 'n spesifieke betekenis oorgedra. Daar straal 'n sekere verinnerliking en beheersdheid uit. Hulle verteenwoordig die element van 'n onderwerping aan en deelwees van 'n groot skeppingspatroon.

By die keuse van elke nuwe werk gee Floors van Jaarsveld vrye teuels aan sy intuïsie. Soms kan hy self nie verklaar waarom hy 'n werk aangekoop het nie — en hy wil ook nie. Dit sou dalk sy liefde vir die saak belemmer. Hy voel dat 'n wye verteenwoordigende beeld van Suid-Afrikaanse kuns in sy geval nie moontlik is nie, en hy strewe ook nie in dié rigting nie. Daarom koop hy net sekere werke aan, wat slegs sy persoonlike behoefte bevredig.

Soos reeds genoem, was dit sy instinktiewe verhouding tot die kunswerk wat die vertroue van die kunstenaars gewek het. In sy gesprekke met hulle ontsluit hy homself heeltemal om hulle te begryp. Vir elke kunstenaarsvriend het hy 'n spesifieke begrip,

en hy noem hulle name met groot aanvoeling en respek. Professor Van Jaarsveld hou ook gereeld kontak met hulle en gaan hulle almal persoonlik besoek. Hy kuier graag by Walter Battiss, wie se skerp intellek en alomvattende kennis hom baie beïndruk. Soms ry hy na Thaba 'Nchu waar hy Vader Frans Claerhout besoek en weer die lewe van die priester, sendeling en kunstenaar intens beleef. In Kimberley gaan hy gereeld tuis by sy vriend Walter Westbrooke, met wie hy 'n besondere diep vriendskapsband het.

Deurgaans kom die kunstenaars ook by hom tuis in Pretoria en dan geniet hulle die gasvryheid van professor en mevrou Van Jaarsveld. Hy het in sy eie huis talle uitstallings vir kunstenaars gehou. Hy open dikwels kunsuitstallings waar hy dan 'n toespraak vol inhoud en betekenis weergee en dan bewustelik as tussenganger en vertolker optree.

Professor Van Jaarsveld het ook die geleentheid gehad om persoonlik kennis te maak met Adolph Jentsch. Dit was in 1968, toe hy aan die Randse Afrikaanse Universiteit verbonde was en die opdrag gekry het om kunswerke te versamel vir die universiteit se kunsbesit. Jentsch was op daardie tydstip agterdogtig teenoor mense. Indien hy egter gevoel het dat iemand 'n egte belangstelling vir sy werk het, het hy hom verwelkom. Dit was ook die geval met professor Van Jaarsveld. Hy het hom daarna weer besoek en hulle het gekorrespondeer tot die einde van Jentsch se lewe. Hy besit nou 'n paar werklike juwele van die oorlede "Meister" van Suidwes.

In die opbou van 'n kunsversameling vir die Randse Afrikaanse Universiteit het hy ook talle geskenke van die kunstenaars gekry. Hierdie werke het die kern van die universiteit se huidige versameling gevorm.

Die kunstenaars is deel van sy versameling. As hy na 'n werk kyk, dink hy aan die skepper van die kunswerk as inherente deel van die estetiese ervaring, wat niemand ooit heeltemal met professor Van Jaarsveld kan deel nie, dit bly sy eie.

Party kunstenaars het ook die behoefte gehad om van hom 'n portretstudie te maak soos byvoorbeeld Irmin Henkel, Anna Vorster, Alfred Krenz en Van Elst, 'n Belg uit Zaïre. Henkel het hom nog kort voor sy dood, een dag heeltemal spontaan gevra om vir hom te poseer. Hy het die portretstudie (afbeelding voor in hierdie uitgawe) in 'n baie kort tyd geteken. Floors van Jaarsveld voel vandag nog baie diep geëerd deur hierdie gebaar van die kunstenaar.

Die versameling van professor Van Jaarsveld is 'n samestelling van spesifieke werke met 'n spesifieke inhoud en 'n spesifieke boodskap. Dit is 'n sleutel tot Floors van Jaarsveld as persoon: die bewustelik lewende en wordende mens, die verteenwoordiger van sy tyd en van sy volk. Soos al sy werk, vorm hierdie versameling deel van die groot bewusmaking waarmee alle skeppende werk en alle kulturele arbeid betrokke is.